INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 3 0 2 | 9 8 0 9 2 6 2 6 9 | 4 5 | 3 5 7 5 |

Die Volksblad Jg............ Nr.................... P. 2..... Dat. 26 SEP 1998

# Fel stryd kom tussen sakelui, versekeraars

**Korrespondent**

KAAPSTAD. – Te midde van die grootskeepse verwoesting in Lesotho die afgelope week, wat volgens sakelui reeds honderde miljoene rande se skade tot gevolg gehad het, blyk dit of 'n ewe fel stryd tussen die geteisterde ondernemings en hul versekeraars kan ontstaan.

Sakelui in Lesotho was gister nog onseker oor die presiese omvang van die skade aan hul ondernemings.

Volgens mnr. André Labuschagné, besturende direkteur van Pep Stores, is agt van sy groep se winkels afgebrand en is twee heeltemal geplunder.

"Net die skade aan die infrastruktuur en verlies aan voorraad beloop sowat R20 miljoen. Verlies aan inkomste is nog nie in berekening gebring nie," het hy gesê.

Frasers Trading Co., 'n groothandelaar, het nog erger deurgeloop en skade aan sy persele word op R50 miljoen geskat.

Volgens versekeringskenners wag selfs 'n groter skok op sakelui wat hoop om hul verliese gedeeltelik deur middel van versekeringspolisse te verhaal.

Mnr. Mike Strydom, hoof-uitvoerende amptenaar van die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging vir Buitengewone Risiko's (Sasria), meen korttermynversekeraars dek nie die risiko's wat ondernemings in Lesotho geloop het nie.

"Aangesien daar 'n oorlogsituasie in Lesotho was, moet die gevare daaraan verbonde as onversekerbare risiko's beskou word. Die verliese wat daar gely is, val buite die arena van versekeraars."

Volgens sakelui het versekeraars nog nie uitsluitsel gegee oor dié aangeleentheid nie, maar as hulle die geweldpleging in Lesotho wel as "dade van oorlog" en dus onversekerbaar beskou, sal dié besluit beveg word.

"Daar is hopeloos te veel onduidelikheid oor dié 'oorlog'.

"Eerstens is die Suider-Afrikaanse vredesmag gevra om Lesotho binne te kom en tweedens was die plundery 'n vorm van vandalisme eerder as wat dit oorlogsdade was," het mnr. Geoff Zeidel, 'n vennoot in Denkor Holdings wat verskeie winkelsentrums in Lesotho besit, gesê.

● Die Suid-Afrikaanse Besigheidskamer (Sabek) wil 'n dringende vergadering met die Regering belê om die lot van Suid-Afrikaanse ondernemings in Lesotho te bespreek.

Volgens mnr. Bill Lacey, woordvoerder van Sabek, is sowat 90% van die sakebedrywighede in dorpe aangrensend tot Lesotho afhanklik van handel met die Bergkoninkryk.

"Sonder die ingryping van die Regering sal klein sakeondernemings in dié dorpe nie veel langer kop bo water kan hou nie," het Lacey aan Sapa gesê.

TREFWOORDE

1 Sakelui
2 maatskappye
3 Lesotho
4 kostes
5 verliese
6 opstande
7 brandstigting
8 diefstal
9
10